

Die ontsluiting van ons verlede ...

Helena Liebenberg

Wat 'n voorreg om reeds sedert 2001 hart-lik betrokke te wees by die ontsluiting van ons land se geskiedenis deur die transkribering van VOC-dokumentasie wat in die Kaapse Argief asook die Nasionaal Archief in Den Haag gesetel is. Hierdie dokumente bevat 'n ongeëwenaarde rykdom van gegewens oor die ontstaan en ontwikkeling van 'n verversingspos tot 'n kolonie, met inwoners wat saamgestel is uit inkomers (amptenare, vryliede, bannelinge en slawe) en inheemses. Voeg daarby die letterlike verwoording van elke faset van die samelewing, waardeur die wel en weë van 'n bykans ontelbare aantal mense uit die verlede herleef.

Al die VOC-dokumente is in 17e- en 18e-eeuse Nederlands geskryf, aan die begin in Gotiese skrif, maar later toegankliker dog wisselend van moeilike tot makliker leesbare vloeskrif. Om te verstaan wat jy transkribeer, is 'n voorvereiste vir goeie werksuitlet en om onbegryplike of onduidelike teks met insig te ontletter en weer te gee. As gevolg hiervan het 'n Afrikaanssprekende 'n baie groot voorsprong, aangesien ons pragtige tongval 'n dogtertaal van voorgenoemde 17e- en 18e-eeuse taalvorm is en steeds as bewaer van talle in Nederlands vergete, verouderde en streeksgebonde woorde dien. Ons leef in dié opsig dalk nader aan die verlede as wat ons besef.

Die eerste groot en omvangryke transkriberingsprojekte was TANAP (2001-2003) en TEPC (2004-2008), wat deur die Nederlandse regering befonds is. Na afloop hiervan is die Tracing History Trust (THT) in 2008 opgerig met as hoofdoelwit die ontsluiting van verdere dokumentreekse, sodat die inhoud hiervan in die openbare domein beskikbaar kan wees.

Danksy die goedgesindheid van plaaslike en oorsese borge, o.a. Cordis Trust (Pretoria), Zuid-Afrikahuis (Amsterdam), die Van Ewijck-stigting (Kaapstad) en GGSA is ons sedert 2008 in staat om geskiedkundige inligting te digitaliseer. Dit sluit in geïdentifiseerde jare waarvan die bande in die Kaapse Argief ontbreek en wat by twee geleenthede deur die Trust se fotograaf in die Nasionaal Archief afgeneem is. Daarna is die inhoud plaaslik getranskribeer, geredigeer en op CD beskikbaar gestel, naamlik die “Vrijboek-lyste” (2013) en “VOC-Dagregisters, Deel 1” (2015).

In Januarie 2016 sluit die Trust 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van die Witwatersrand vir die transkribering van verdere VOC-dagregisters met die doel om inligting van drie belangrike Kaapse tydperke beskikbaar te stel. Die eerste produk van die ruim Wits-gefondsing, naamlik “VOC-Dagregisters, Deel 2” is op 6 April 2016 in die Kaapse Argief bekendgestel. Indien daar voldoende plaaslike en oorsese fondse verkry kan word, behoort hierdie projek wat as volgende fase ook vertaling in Engels insluit, met goeie gevolg voltooi te word.

Op 18 en 19 April is samesprekings met 'n Amerikaanse historikus in Kaapstad gevoer vir die transkribering van nog 'n belangrike VOC-dokumentreeks, naamlik die vendusierolle wat in die Kaapse Argief gehuisves word. Indien die beoogde befondsing verkry word, sal ook hierdie tot dusver 'verborge inligting' letterlik aan die lig gebring kan word veral vir navorsing in vakrigtings soos geskiedenis en ekonomie.

Die Trust is tans ook besig met die transkribering van “VOC-Dagregisters, Deel 3” bestaande uit die daggebeure van 1704, 1706 en 1709 en beplan om die inhoud later vanjaar op CD beskikbaar te stel.

Met projekte van hierdie omvang word verdere krag verleen aan die bereiking van die gesamentlike doelwit van almal vir wie geskiedenis belangrik is, naamlik die digitale ontsluiting van ons verlede ...

25 April 2016